

Landbouwerker Huishouding Sensus Kennisgewing Tuinroete en Overberg: 30 Junie 2020

Kennisgewing aan die Produsent/ Landbouer

Daar was bevind dat baie produsente probeer om hulle plaas-/ landbouwerkers te help met hulle verskeie sosio-ekonomiese behoeftes, maar die omvang van die hulp wat benodig word, kan nie deur die produsent/ landbouer alleen aangespreek of verskaf word nie.

Die Wes Kaapse Departement van Landbou (WKDL) het 'n Sensus vir Landbou Werkers in die hele provinsie voltooi gedurende 2017 en tans word die tweede siklus van die Sensus uitgerol om hierdie inligting met die eerste siklus se inligting te vergelyk. Die doel van die Sensus is nie alleenlik om 'n databasis van die getal landbou werkers in die Provinsie te vestig nie, maar ook om 'n huishoudelike profiel van die landbouwerkers en hul families se behoeftes te bepaal in terme van watter hulp benodig word vir sosiale, gesondheids-, opvoedkundige en ander kwessies. Onderhoude word met landbouwerkers gehou waartydens 'n omvattende vraelys voltooi word vir hierdie doel.

Deur hierdie inligting te bekom, stel dit die Departement in staat om area spesifieke behoeftes te identifiseer, in lyn te bring en te koordineer dat toepaslike dienste vir die geïdentifiseerde behoeftes deur die relevante Departemente in die areas verskaf word en ook die nodige beleide te vestig indien nodig. Die verskaffing van hierdie dienste kan help met die verligting van die taak vir produsente sowel as om 'n gesonder omgewing op plase te skep.

Die eerste 4 distrikte naamlik die Kaapse Wynland en – Metro, Sentraal Karoo en Weskus is voltooi, maar 2 distrikte naamlik die Tuinroete en Overberg moet nog voltooi word.

Die WKDL het daarom **FEM Research Consultants/ Navorsingskonsultante** aangestel om die tweede siklus van die Sensus in Tuinroete en Overberg te voltooi en versoek ons u vriendelik om toestemming te verleen dat onderhoude met die plaas- / landbouwerkers werksaam in u onderneming gehou kan word. Dit sal help om die behoeftes op plase te identifiseer.

'n Kort vraelys is ook vir die produsente/ landbouers voorberei aangesien dit belangrik is om ook die sieninge en voorstelle van produsente/ landbouers te kry.

Indien u enige vrae of duidelikheid benodig kontak ons gerus op die volgende nommers:

FEM Research Consultants: 021 447 4350 of 060 535 0820

Wes Kaapse Departement van Landbou: Western Cape: 021 808-7601

Ons bedank u hartlik vir u tyd, ondersteuning en bystand.

Landbouwerker Huishouding Sensus Kennisgewing Tuinroete en Overberg: 30 Junie 2020

Kennisgewing aan die Plaas-/ Landbouwerker

Die Wes Kaapse Departement van Landbou (WKDL) het 'n Sensus vir Landbouwerkers in die hele provinsie voltooi gedurende 2017 en tans word die tweede siklus van die Sensus uitgerol om hierdie inligting met die eerste siklus se inligting te vergelyk. Die doel van die Sensus is nie alleenlik om 'n databasis van die getal landbouwerkers in die Provinsie te vestig nie, maar ook om 'n huishoudelike profiel van die landbouwerkers en hul families se behoeftes te bepaal in terme van watter hulp benodig word vir maatskaplike, gesondheids-, opvoedkundige en ander kwessies. Onderhoude word met landbouwerkers gehou waartydens 'n omvattende vraelys voltooi word vir hierdie doel.

Deur hierdie inligting te bekom, stel dit die Departement instaat om area- spesifieke behoeftes te identifiseer en te koordineer dat toepaslike dienste vir hierdié behoeftes deur die relevante Departemente verskaf word en ook indien nodig beleide in plek te stel. Die verskaffing van hierdié dienste kan help met die verligting van die taak vir produsente sowel as om 'n gesonder omgewing op plase te skep.

Die eerste 2 distrikte naamlik die Kaapse Wynland en die Metro is voltooi en 4 distrikte moet nog voltooi word te wete Sentraal Karoo, Weskus, Tuinroete en die Overberg.

Die WKDL het daarom **FEM Research Consultants/ Navorsingskonsultante** aangestel om die tweede siklus van die Sensus in the Sentraal Karoo en die Weskus te voltooi. Hierdie opnames is krities om te kan verstaan wat die werklike behoeftes van landbouwerkers en hul familieledes is en watter hulp benodig word om hul maatskaplike, gesondheids-, opvoedkundige en ander kwessies aan te spreek. Persoonlike inligting wat verskaf word tydens die opnames word konfidensieël/ vertroulik hanteer. Deur u deelname aan die opnames, bied u die Departement die geleentheid om beter te kan verstaan watter hulp en dienste benodig vir landbouwerkers en hul families.

Indien u enige vrae of duidelikheid benodig kontak ons gerus op die volgende nommers:

FEM Research Consultants: 021 200 7856 of 071 609 1604

Wes Kaapse Departement van Landbou: 021 808-7601

Ons bedank u hartlik vir u tyd, ondersteuning en bystand.